

HOOFSTUK 23: GEBIEDE

1. INLEIDING

- 1.1 Die Grondwet bemagtig die hoofbestuur in artikel vyf-en-twintig (25) om Voortrekkerkommando's in bepaalde gebiede te groepeer.
- 1.2 Die Hoofbestuur kan met Voortrekkerbewegings in ander state samewerkingsooreenkomste sluit en aan sulke Voortrekkers gebiedstatus toeken indien die ooreenkomsvoorsiening maak dat die betrokke Voortrekkers ook op die hoofbestuur sitting het.
- 1.3 Die gesagsveld van 'n gebied is beperk tot die lede wat in die betrokke gebied geregistreer is.

2. ALGEMENE BEPALINGS

- 2.1 'n Gebied is 'n organisasie-element op die tweede bestuursvlak van *Die Voortrekkers 'n Gebiedsraad, 'n Gebiedsbestuur en 'n Gebiedsdagbestuur* is bestuursliggame.
- 2.2 Die Hoofbestuur groepeer Voortrekkerkommando's in bepaalde gebiede op 'n basis waarop hy besluit, onderworpe daaraan dat so 'n indeling nie noodwendig met die staatkundige provinsies moet ooreenstem nie, maar prakties werkbaar moet wees.
- 2.4 Die Hoofbestuur kan die groeperings van tyd tot tyd wysig.

3. GEBIEDSRAAD

3.1 Inleiding

- 3.1.1 'n Gebiedsraad word ten minste vierjaarliks vir die gebied belê.
- 3.1.2 Die besluite van 'n Gebiedsraad is bindend op alle lede van *Die Voortrekkers* in die betrokke gebied vir sover die besluite nie in stryd is met besluite van die Kongres en Hoofbestuur nie.

3.2 Tydstip wanneer die gebiedsraad sit

- 3.2.1 Die Gebiedsraad kom minstens elke vier (4) jaar in gewone sitting byeen op 'n tyd en plek deur die gebiedsbestuur bepaal.
- 3.2.2 Die Gebiedsraad kom in buitengewone sitting byeen wanneer die Gebiedsbestuur dit nodig vind.

3.3 Samestelling

Die Gebiedsraad word volgens die grondwet artikel 25.1.3 soos volg saamgestel:

- 3.3.1 Die lede van die Gebiedsbestuur;
- 3.3.2 Een afgevaardigde van elke Staatmakergroep, Veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando en Voortrekkerkommando met twaalf (12) tot veertig (40) lede, aangewys deur die Staatmakergroepdagbestuur, Veldkornetskaps- of Kommandobestuur;
- 3.3.3 Twee afgevaardigdes van elke Voortrekkerkommando met een- en-veertig (41) tot een honderd (100) lede, met een (1) bykomende afgevaardigde vir elke gedeelte tot volle honderdtal bo die eerste honderd (100) lede, aangewys deur die Kommandobestuur;
- 3.3.4 Die gebiedsjeugleiers van die gebied
- 3.3.5 Een (1) senior Verkenner afgevaardigde van Voortrekkerskommando's met meer as twaalf (12) Verkenners, aangewys deur Kommandobestuur;
- 3.3.6 Een (1) Staatmaker afgevaardigde van Voortrekkerkommando's met meer as twaalf (12) Staatmakers, aangewys deur Kommandobestuur;
- 3.3.7 Ander lede van *Die Voortrekkers* en ander persone wat die gebiedsdagbestuur besluit het om in raadgewende hoedanigheid uit te nooi.

3.4 Vergaderingreëlings

3.4.1 Oproep

- a) Die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie roep die gebiedsraad vir 'n gewone sitting op deur aan elke bestuursliggame minstens drie (3) maande voor die datum wat vir die gebiedsraad vasgestel is skriftelik daarvan kennis te gee. Sodanige kennisgewing moet die datum, tyd, tydsduur en plek van die gebiedsraad bevat, 'n blanko geloofsbrief en 'n uittreksel uit die grondwet en reglemente oor watter persone na die gebiedsraad afgevaardig kan word, die getal afgevaardigdes wat elke bestuursliggame kan afvaardig en ander tersaaklike besonderhede.

- b) 'n Buitengewone gebiedsraad kan op korter kennisgewing opgeroep word indien die gebiedsdagbestuur so besluit.

3.4.2 *Ampsdraers*

- a) Die Gebiedsleier tree as voorsitter van die gebiedsraad op.
- b) Die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie tree as sekretaris van die gebiedsraad op.

3.4.3 *Afgevaardigdes*

- a) Afgevaardigdes na 'n gebiedsraad neem alleen sitting met 'n geloofsbrief op die voorgeskrewe vorm wat die gebiedskantoor voor die sperdatum bereik.
- b) 'n Afgevaardigde van 'n Kommando of 'n Veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando of Staatmakergroep of van 'n oord moet 'n geregistreerde lid van die betrokke bestuursliggaam wees.
- c) Afgevaardigdes besit die vryheid om volgens eie oordeel oor 'n saak te stem na oorweging van die toeligting en in die lig van die bespreking. 'n Bestuursliggaam kan nie sy afgevaardigdes bind om 'n bepaalde standpunt te steun of te verwerp nie.
- d) 'n Bestuursliggaam wys sekundi vir sy afgevaardigdes na die Gebiedsraad op dieselfde tydstip en wyse aan as waarop die afgevaardigdes aangewys word. 'n Primuslid roep self sy sekundus na die Gebiedsraad op indien die primuslid dit nie kan bywoon nie.

3.4.4 *Sakelys*

- a) Die Gebiedsdagbestuur bepaal die sluitingsdatum vir die inhandiging van sake wat op die Gebiedsraad moet dien.
- b) Die Gebiedsdagbestuur stel 'n uitgewerkte sakelys saam en lê dit aan die gebiedsbestuur vir goedkeuring voor. Die Gebiedsbestuur keur die verslag oor die werksaamhede van die Gebiedsbestuur en die Gebiedsdagbestuur goed.
- c) Die Gebiedsdagbestuur bepaal die duur van die gebiedsraad en die tyd wat vir die behandeling van elke punt op die sakelys beskikbaar is.
- d) Die sakelys van 'n gewone Gebiedsraad word minstens dertig (30) dae voor die datum van die Gebiedsraad aan bestuursliggame deurgegee.

3.4.5 *Opening*

Die Gebiedsraad word met samesang, skriflesing en gebed geopen waarna die offisiërsbelofte / staatmakerbelofte voorgedra word.

3.4.6 *Konstituering*

- a) Afgevaardigdes na die vergadering neem sitting na die voorafinhandiging van die voorgeskrewe geloofsbriefe.
- b) Na die opening word 'n skriftelike verslag van die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie oor die geloofsbriefe in behandeling geneem.
- c) Die vergadering behandel daarna besware teen ingekome geloofsbriefe.
- d) Die byeenkoms word dan wettig saamgestel uit die afgevaardigdes teen wie se geloofsbriefe geen beswaar ingebring is nie.
- e) Die aanwesige afgevaardigdes vorm 'n kworum.

3.4.7 *Vergaderingsprosedure*

Die vergaderingsprosedure soos in hoofstuk agtien (18) van die Reglemente omskryf word gevolg.

3.4.8 *Ordereëlins*

- a) 'n Lid van die gebiedsraad wat 'n spreekbeurt verlang oor 'n bepaalde saak onder bespreking, steek sy hand op waarna sy naam op 'n lys geplaas word deur 'n persoon daartoe aangewys deur die voorsitter. Die voorsitter ken die spreekbeurte toe in die volgorde van die lys. Die tydsduur van 'n spreekbeurt is beperk tot vyf (5) minute maar mag met toestemming van die voorsitter verleng word.
- b) Geen lid van die Gebiedsraad is geregtig op meer as een (1) spreekbeurt oor 'n bepaalde saak nie, behalwe wanneer al die sprekers op die lys hulle beurt gehad het en daar nog tyd oor is wat vir die bespreking van die bepaalde saak toegeken is. Die voorsitter beslis dan of die bespreking beëindig word en of daar 'n tweede spreekbeurt toegeken word.

- c) Tydens die bespreking van 'n saak het lede van die vergadering die reg om voorstelle en amendemente op voorstelle in te dien by die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie of die persoon daartoe aangewys deur die voorsitter. Dit moet skriftelik geskied en behoorlik onderteken word deur die voorsteller en sekondant.
- d) Die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie of persone daartoe aangewys deur die voorsitter rangskik die voorstelle en as twee (2) of meer voorstelle dieselfde strekking het, vestig hy die aandag van die voorsitter daarop, wat dan die voorstellers en sekondante versoek om een voorstel voor die gebiedsraad te lê.
- e) Die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie of persone deur die voorsitter daartoe aangewys verseker dat elke mosie voordat dit tot stemming kom, uitvoerbaar is.

3.4.9 *Beskrywingspunte*

- a) Die Gebiedsbestuur oefen 'n oordeel uit oor watter van die ingekome beskrywingspunte op die gebiedsraad dien.
- b) Die betrokke bestuursliggaam wat 'n beskrywingspunt ingedien het kry 'n spreekbeurt van hoogstens vyf (5) minute om die beskrywingspunt toe te lig, maar kan by die skriftelike motivering volstaan onderhewig aan die bepaling van artikel 10.3 van hierdie hoofstuk.
- c) Die beskrywingspunt verval wanneer 'n lid van die betrokke bestuursliggaam nie teenwoordig is om dit toe te lig.
- d) Aan die einde van die bespreking oor die betrokke beskrywingspunt kry die inleier geleentheid om repliek te lewer. Geen nuwe argumente mag tydens die geleentheid aangevoer word nie.

3.4.10 *Revisie*

Geen rapport of saak wat afgehandel is, mag op dieselfde sitting weer behandel word nie, onderworpe daaraan dat wanneer 'n lid van die gebiedsraad van mening is dat 'n besluit hersien moet word, hy tydens die sitting van die gebiedsraad 'n skriftelike versoek om hersiening mag inhandig, mede-onderteken deur 'n lid van die Gebiedsraad. Op ontvangs van so 'n versoek lê die voorsitter dit aan die Gebiedsraad voor.

Die voorsteller ontvang die geleentheid om sy versoek toe te lig en een (1) spreker wat beswaar wil maak, kry 'n spreekbeurt. Die tydsduur is in elke geval beperk tot vyf (5) minute. Daarna stem die gebiedsraad oor die versoek. Indien twee derdes van die aanwesige lede hulle ten gunste van die versoek verklaar, word die saak opnuut behandel.

3.4.11 *Notule*

- a) Die notule van die Gebiedsraad word deur die gebiedsbestuur hanteer ooreenkomstig die bepalings in hoofstuk agtien (18) van die Reglemente.
- b) Die finale notule van die Gebiedsraad moet aan alle bestuursliggame in die gebied deurgegee word.

3.5 **Magte, pligte en werksaamhede**

- 3.5.1 Die Gebiedsraad verrig die take soos hier uiteengesit ooreenkomstig die magtiging in die Grondwet, artikel 25.1.5.
- 3.5.2 Die Gebiedsraad waak oor die belange van *Die Voortrekkers* in sy gebied;
- 3.5.3 Die Gebiedsraad adviseer die gebiedsbestuur met betrekking tot behoeftes wat in die gebied bestaan;
- 3.5.4 Die Gebiedsraad moet 'n verslag betreffende die gebiedsbestuur se werksaamhede in behandeling neem;
- 3.5.5 Die Gebiedsraad moet die beskrywingspunte wat aan hom voorgelê word in behandeling neem;
- 3.5.6 Die Gebiedsraad moet beskrywingspunte aan die hoofbestuur en kongres voorlê via die gebiedsbestuur;

4. **DIE GEBIEDSBESTUUR**

4.1 **Samestelling**

'n Gebiedsbestuur bestaan uit:

- 4.1.1 Die lede van die gebiedsdagbestuur wat nie meer as vyftig persent (50%) van die Gebiedsbestuur mag wees nie;

4.1.2 Die Oordleiers in die gebied met dien verstande dat 'n oorddagbestuur 'n oordbestuurslid kan nomineer om as sekundus op 'n Gebiedsbestuursvergadering sitting te neem op koste van die Gebiedsbestuur in die plek van 'n oordleier vir wie dit onmoontlik is om die betrokke vergadering by te woon;

4.1.3 Die Kommandoleiers waar die gebied nie oorde het nie;

4.1.4 Die Gebiedstaatmakerleier van die Staatmakers waar daar Staatmakers is;

4.1.5 Een (1) gebiedsjeugleier.

4.2 Konstituering

4.2.1 Die Gebiedsdagbestuur word tydens of ten minste in die twee (2) maande wat volg op die kongres verkies.

4.2.2 Die finale konstituering geskied by 'n vergadering van die Gebiedsbestuur wat deur die uittredende Gebiedsdagbestuur opgeroep word.

4.2.3 Die Gebiedsleier word verkies soos in artikel 5.2.1 van hierdie hoofstuk omskryf.

4.2.4 Die Adjunkgebiedsleiers word verkies volgens die voorskrifte in artikel 5.2.2 van hierdie hoofstuk omskryf.

4.2.6 Die Gebiedstaatmakerleiers van die staatmakers word deur die Staatmakers in die gebied verkies op die wyse wat die gebiedsbestuur bepaal.

4.2.7 Die Gebiedsjeugleier word deur die Verkenners in die gebied verkies op die wyse wat in hoofstuk vyf (5) van die Reglemente bepaal word.

4.3 Dienstermyn

4.3.1 Die Gebiedsbestuur se termyn is vier (4) jaar. Dit duur vanaf September na die kongres tot Augustus na die volgende kongres en finale verkiesing van Oordleiers.

4.3.2 Die dienstermyn van die Gebiedstaatmakerleier is soos die Gebiedsbestuur in die betrokke gebied bepaal.

4.3.3 Die dienstermyn van die Gebiedsjeugleier is een (1) jaar en hy word jaarliks vervang deur die nuutverkose Gebiedsjeugleier.

4.4 Vergaderings

4.4.1 Die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie roep namens die Gebiedsdagbestuur alle lede wat sitting het op na vergaderings van die gebiedsbestuur.

4.4.2 Die Gebiedsbestuur vergader so dikwels as wat nodig is, maar ten minste een (1) keer per jaar.

4.4.3 Die Gebiedsdagbestuur kan voorsitters van komitees of taakgroepe en ander kundiges nooi om bepaalde sittings van die Gebiedsbestuur by te woon in raadgewende hoedanigheid.

4.4.4 Die Gebiedsleier tree as voorsitter van die vergaderings van die Gebiedsbestuur op.

4.4.5 Die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie tree as sekretaris van die vergaderings van die gebiedsbestuur op.

4.4.6 'n Gewone meerderheid van die lede van die gebiedsbestuur vorm 'n kworum vir 'n vergadering.

4.5 Magte, pligte en werksaamhede

4.5.1 Die Gebiedsbestuur voer die werksaamhede uit soos bepaal in die Grondwet, artikel 25.2.5 tot 25.2.8 onderhewig daaraan dat verslae skriftelik moet wees.

4.5.2 Die Gebiedsbestuur doen toekennings aan volwasse lede en ander persone/instansies soos in hoofstuk 11 van die Reglement omskryf.

4.5.3 Die Gebiedsbestuur verrig take wat deur die Kongres en Hoofbestuur aan hom opdra is.

5. DIE GEBIEDSDAGBESTUUR

5.1 Samestelling

Die gebiedsdagbestuur bestaan uit:

5.1.1 Die Gebiedsleier

5.1.2 Die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie

5.1.3 Die Adjunkgebiedsleier (AGL) Finansies en

5.1.4 'n Aantal adjunkgebiedsleiers soos in artikel 5.2.2 van hierdie hoofstuk bepaal.

5.1.5 'n Persoon/persone kan ook op die gebiedsdagbestuur aangestel word, gesalarieer of nie, om 'n goed gedefinieerde taak (byvoorbeeld Finansies, Administrasie, ensovoorts) te vervul. Die aangestelde persoon/persone kan in die Gebiedsdagbestuur optree met

spreekreg maar nie stemreg nie. Die aanstelling van die persoon/persone raak egter nie die normale bestuursposte soos uiteengesit in die Grondwet en Reglemente nie. Die aangestelde persoon/persone se dienste kan te enige tyd op 'n redelike wyse beëindig word en daar word geen tydperk van aanstelling aan gekoppel nie.

- 5.1.6 Indien 'n Gebiedsdagbestuurslid nie self die lynbestuurder van Penkoppe en Drawwertjies, Verkenner, Staatmaker en Volwasse sake gebiedskomitee is nie, die betrokke lynbestuurder van die komitee ten minste vir die deel van die vergadering wat die betrokke portefeulje onder bespreking is, die betrokke bestuursvergadering bywoon maar met inagneming van onnodige koste.

5.2 Verkieasing

5.2.1 Die gebiedsleier (GL)

- a) Die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie vra nominasies vir 'n gebiedsleier van af alle Staatmakergroepdagbesture, veldkornetskapsbesture, kommandobesture en oordbesture binne die betrokke gebied. 'n Volwasse lid kan slegs genomineer word indien hy/sy op die datum waarop nominasievorms uitgestuur word, by die betrokke gebiedskantoor geregistreer en sy/haar ledegeld vir daardie jaar reeds by die gebiedskantoor ontvang is. Elke nominasie moet deur die voorsitter en sekretaris van 'n bestuursliggaam onderteken word. Sodanige genomineerde moet verklaar dat hy/sy bereid is om te dien indien hy/sy verkies sou word. Verder moet hy/sy 'n curriculum vitae en 'n onlangse foto voorsien. Sulke nominasies moet die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie bereik voor 'n vasgestelde datum.
- b) Die Gebiedsleier word met 'n volstreekte meerderheid deur die afgevaardigdes op die Gebiedsraad verkies.

5.2.2 Adjunkgebiedsleiers (AGL) Administrasie en Finansies en bykomende adjunkgebiedsleiers

- a) 'n Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie en Adjunkgebiedsleier (AGL) Finansies moet tot die bepaalde portefeuljes verkies word.
- b) Die gebiedsbestuur moet vooraf bepaal hoeveel bykomende adjunkgebiedsleiers, asook of dit met of sonder spesifieke portefeuljes, verkies moet word.
- c) Die uittredende Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie vra gelyktydig nominasies vir 'n Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie, Adjunkgebiedsleier (AGL) Finansies en bykomende adjunkgebiedsleiers by Staatmakergroepdagbesture, los veldkornetskaps-, kommando- en oordbesture in die betrokke gebied aan. Dieselfde voorwaardes as in artikel 5.2.1 (a) van hierdie hoofstuk is ook op hierdie nominasies van toepassing.
- c) Adjunkgebiedsleiers word deur die kieskollege van die betrokke gebied met 'n volstreekte meerderheid verkies onderhewig aan die bepalings onder 5.2.3 tot 5.2.6
- d) Die kieskollege van 'n gebied sal bestaan uit die sittende Gebiedsdagbestuur, Gebiedsbestuur en Oordbesture.

5.2.3 Die verkieasing van die gebiedsdagbestuur is onderhewig daaraan dat:

- a) Die Gebiedsleier vir 'n maksimum van twee (2) opeenvolgende termyne in die pos kan dien tensy die hoofbestuur in buitengewone gevalle 'n derde termyn magtig;
- b) 'n Lid op Gebiedsdagbestuur in die pos as Adjunkgebiedsleier vir 'n maksimum van twee (2) opeenvolgende termyne in dieselfde portefeulje kan dien tensy die hoofbestuur in buitengewone gevalle 'n derde termyn magtig of die persoon vir 'n derde termyn in 'n ander Adjunkgebiedsleier portefeulje wil dien;
- c) in Buitengewone gevalle kan die Gebiedsbestuur 'n goed gemotiveerde aansoek by die Hoofbestuur indien dat 'n persoon vir 'n derde termyn verkiesbaar moet wees en die aansoek moet voor die aanvang van die verkieasing ingedien en goedgekeur wees.

- 5.2.4 Ten minste een (1) lid van elke geslag moet op die Gebiedsdagbestuur dien met dien verstande dat indien die enigste lid van 'n geslag se lidmaatskap van die Gebiedsdagbestuur om watter rede ookal beëindig, word die werking en besluite van die Gebiedsdagbestuur nie ongeldig sal wees bloot omdat die bepalings ten opsigte van die verskillende geslagte nie nagekom kan word nie onderhewig daaraan dat die genoemde bepaling teen die volgende vergadering nagekom word.

- 5.2.5 Indien 'n lid van 'n Oorddagbestuur tot die Gebiedsdagbestuur verkies word, moet hy/sy sy/haar rang op oordvlak neerlê.
- 5.2.6 In die geval van die vulling van tussentydse vakatures wat op die Gebiedsdagbestuur mag ontstaan kan die Gebiedsdagbestuur die verkiesing volgens die bogenoemde bepalings van hierdie artikels of deur 'n vertroulike posstemming laat geskied. Die volgende stappe word gevolg:
- a) Die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie vra nominasies van persone om die vakature te vul van die bestuursliggame wat kan nomineer. Sodanige genomineerde moet verklaar dat hy bereid is om te dien indien hy/sy verkies sou word. Verder moet hy/sy 'n curriculum vitae en 'n onlangse foto voorsien.
 - b) Die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie laat 'n kandidaat verkies.
 - c) Indien geen kandidaat 'n gewone of volstreekte meerderheid in die pos of gewone stemming behaal nie, handel die Gebiedsbestuur die verkiesing met die eersvolgende vergadering af.
- 5.2.10 Die lede van die Gebiedsdagbestuur dra die rangkentekens soos uiteengesit in hoofstuk ses-en-twintig (26) van die Reglemente.
- 5.3 Dienstermyn**
Die dienstermyn van die Gebiedsdagbestuur is ongeveer 1 September na die kongres tot ongeveer 31 Augustus na die volgende kongres.
- 5.4 Vergaderings**
- 5.4.1 Die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie roep die vergadering van die Gebiedsdagbestuur op.
- 5.4.2 Die Gebiedsdagbestuur vergader so dikwels as wat dit nodig is, maar ten minste een (1) keer per kwartaal.
- 5.4.3 Die Gebiedsdagbestuur kan voorsitters van gebiedskomitees of taakgroepe en ander kundiges nooi om bepaalde sittings van die Gebiedsdagbestuur in raadgewende hoedanigheid by te woon.
- 5.4.4 Die Gebiedsleier (GL) tree as voorsitter van die vergaderings van die Gebiedsdagbestuur op.
- 5.4.5 Die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie tree as sekretaris van die vergaderings van die gebiedsdagbestuur op.
- 5.4.6 'n Gewone meerderheid van die lede van die Gebiedsdagbestuur vorm 'n kworum vir 'n vergadering.
- 5.5 Magte, pligte en werksaamhede**
- 5.5.1 Die Gebiedsdagbestuur verrig die take soos vervat in Grondwet, artikel 25.3.5.
- 5.5.2 Die Gebiedsdagbestuur wys een van die Adjunkgebiedsleiers behalwe die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie aan as ondervoorsitter van die dagbestuur wat optree wanneer die Gebiedsleier nie beskikbaar is nie.
- 6. GEBIEDSJEUGRAAD**
Die samestelling en werkingswyse van 'n Gebiedsjeugraad word in hoofstuk vyf (5) van die Reglemente omskryf.